



# Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
REBUPLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 595

Cape Town,  
Kaapstad, 20 January 2015

**No. 38403**

## THE PRESIDENCY

No. 19

20 January 2015

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 41 of 2014: Development Bank of Southern Africa Amendment Act, 2014**

## DIE PRESIDENSIE

No. 19

20 Januarie 2015

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 41 van 2014: Wysigingswet op die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika, 2014**

Barcode:  
9 771682 584003 38403



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

— Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

---

---

*(English text signed by the President)  
(Assented to 16 January 2015)*

---

# ACT

To amend the Development Bank of Southern Africa Act, 1997, so as to define certain expressions and to amend a definition; to delete an obsolete provision; to provide afresh for the regions in which the Bank may operate; to increase the authorised share capital of the Bank; to align a provision with the terminology in the Companies Act, 2008; to amend the grounds for appointment as a director on the board of the Bank; to amend the provisions regarding the issuing of certificates for issued shares; to enable the Minister to adjust the authorised share capital; to require the shareholders' approval for subscription by the shareholders to any portion of the balance of the authorised share capital on request of the board; to amend the power of the Minister to make regulations by amending the introductory provision, empowering the Minister to regulate the use of callable capital of the Bank to calculate the leverage ratio of the Bank, omitting the provision empowering the Minister to determine the region in which the Bank may operate and limiting the general regulation-making power to ensure constitutionality; to adjust the provision enabling the application to the Bank of any provision of the Companies Act, 2008, the Banks Act, 1990, and any other appropriate legislation; and to amend the Preamble; and to provide for matters connected therewith.

**B**E IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 13 of 1997**

1. Section 1 of the Development Bank of Southern Africa Act, 1997 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the insertion before the definition of "Bank" of the following definition:

"**authorised share capital**" means the maximum amount of capital which the Bank is authorised to raise in terms of section 13(1);";

(b) by the insertion after the definition of "board" of the following definitions:

"**callable capital**" means the authorised share capital less the issued share capital;

**'Companies Act'** means the Companies Act, 2008 (Act No. 71 of 2008);";

5

10

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

- [ ] Woorde in vet druk in vierkantige hakies dui skrappings uit bestaande verordeningen aan.
- \_\_\_\_\_ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordeningen aan.
- 
- 

*(Engelse teks deur die President geteken)  
(Goedgekeur op 16 Januarie 2015)*

---

**WET**

Tot wysiging van die Wet op die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, 1997, ten einde sekere uitdrukings te omskryf en 'n omskrywing te wysig; 'n uitgediende bepaling te skrap; opnuut voorsiening te maak vir die streke waarin die Bank werksaam mag wees; die gemagtigde aandelekapitaal van die Bank te verhoog; 'n bepaling in ooreenstemming met die terminologie in die Maatskappywet, 2008, te bring; die gronde vir aanstelling as 'n direkteur in die raad van die Bank te wysig; die bepalings aangaande die uitrek van sertifikate vir uitgerekte aandele te wysig; die Minister in staat te stel om die gemagtigde aandelekapitaal te verhoog; die aandeelhouers se goedkeuring te vereis vir inskrywing deur die aandeelhouers tot enige gedeelte van die balans van die gemagtigde aandelekapitaal op versoek van die raad; die Minister se bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, te wysig deur die inleidingsbepaling te wysig, die Minister te magtig om die gebruik van opvraagbare kapitaal van die Bank te reël om die hefboomverhouding van die Bank te bereken, die bepaling wat die Minister magtig om die streek te bepaal waarin die Bank werksaam mag wees te skrap en deur die algemene bevoegdheid om regulasies uit te vaardig te beperk om te verseker dat dit grondwetlik is; die bepaling wat die toepassing van enige bepaling van die Maatskappywet, 2008, die Bankwet, 1990, en enige ander gepaste wetgewing op die Bank moontlik maak, aan te pas; die Aanhef te wysig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

**D**AAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 13 van 1997**

1. Artikel 1 van die Wet op die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, 1997 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig

(a) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "effektiewe datum" in te voeg:

"**'gemagtigde aandelekapitaal'** die maksimum bedrag van kapitaal wat die Bank gemagtig is om ingevolge artikel 13(1) op te neem;";

(b) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "institusionele aandeelhouers" in te voeg:

"**'Maatskappywet'** die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);";

(c) by the insertion after the definition of “institutional shareholders” of the following definition:

“**issued share capital** means the portion of the authorised share capital which the Bank has issued;”; and

(d) by the substitution for the definition of “region” of the following definition:

“**region** means [the national territory of the Republic of South Africa and the national territories of the countries as determined by regulation] the region contemplated in section 2A;”.

5

#### Amendment of section 2 of Act 13 of 1997

2. Section 2 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsection (2). 10

#### Insertion of section 2A in Act 13 of 1997

3. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 2:

##### “Countries of operation of Bank

**2A.** (1) The Bank may promote the attainment of its objects referred to in section 3, and performs its powers referred to in section 4, in the region consisting of—

15

- (a) the national territory of the Republic of South Africa;
- (b) the national territories of the countries which are member states of the Southern African Development Community; and
- (c) the national territory of such other country on the African continent or an oceanic island on the African continent as the Minister may determine by regulation, subject to subsection (2).

20

(2) (a) The Minister must approve an annual plan for the activities of the Bank in a national territory of a country contemplated in subsection (1)(c).

25

(b) The Bank must submit the annual plan to the Minister in the form and on the date determined by the Minister.

(c) The Minister may amend the approved annual plan, if necessary, after consultation with the Bank.”.

#### Amendment of section 7 of Act 13 of 1997

4. Section 7 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

30

“(3) Directors shall be appointed on the grounds of their ability and experience in relation to socio-economic development, development finance, business, finance, banking and administration, including in any sphere of government.”.

#### Amendment of section 8 of Act 13 of 1997

35

5. Section 8 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) is ineligible or disqualified to act as a director of a board of a company [incorporated] as defined in [terms] section 1 of the Companies Act [, 1973 (Act No. 61 of 1973)];”.

40

#### Amendment of section 13 of Act 13 of 1997

6. Section 13 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Subject to [the provisions of subsection] subsections (2A) and

(5), the authorised share capital of the Bank shall be the amount of [five thousand million] twenty billion and two hundred million rand which

45

- (c) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “OBSA (1983)” in te voeg:  
     “**opvraagbare kapitaal**” die gemagtigde aandelekapitaal minus die uitgereikte aandelekapitaal;”;
- (d) deur die omskrywing van “streek” deur die volgende omskrywing te vervang:  
     “**‘streek’ [die nasionale gebied van die Republiek van Suid-Afrika en die nasionale gebiede van die lande by regulasie bepaal]** die streek in artikel 2A beoog;”; en
- (e) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “streek” in te voeg:  
     “**uitgereikte aandelekapitaal**” die gedeelte van die gemagtigde aandelekapitaal wat die Bank uitgereik het.”.

5

10

**Wysiging van artikel 2 van Wet 13 van 1997**

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) te skrap.

**Invoeging van artikel 2A in Wet 13 van 1997**

**3.** Die volgende artikel word hierby na artikel 2 in die Hoofwet ingevoeg:

15

**“Lande waarin Bank werksaam is**

**2A.** (1) Die Bank kan die bereiking van sy oogmerke in artikel 3 bedoel, bevorder en sy bevoegdhede in artikel 4 beoog, uitoefen in die streek bestaande uit—

(a) die nasionale gebied van die Republiek van Suid-Afrika;

(b) die nasionale gebiede van die lande wat lidlande van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap is; en

(c) die nasionale gebied van sodanige ander land op die Afrika-kontinent of ’n oseaaneiland van die Afrika-kontinent soos die Minister by regulasie, behoudens subartikel (2), bepaal.

(2) (a) Die Minister moet ’n jaarplan vir die aktiwiteite van die Bank in ’n nasionale gebied in subartikel (1)(c) beoog, goedkeur.

(b) Die Bank moet die jaarplan aan die Minister voorlê in die vorm en op die datum deur die Minister bepaal.

(c) Die Minister kan die goedgekeurde jaarplan, indien nodig, na oorleg met die Bank wysig.”.

20

25

30

**Wysiging van artikel 7 van Wet 13 van 1997**

**4.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Direkteure moet aangestel word op grond van hul bekwaamheid en ondervinding met betrekking tot sosio-ekonomiese ontwikkeling, ontwikkelingsfinansies, besigheid, geldsake, bankwese en administrasie, met inbegrip van enige regeringsfeer.”.

35

**Wysiging van artikel 8 van Wet 13 van 1997**

**5.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) ongeskik of onbevoeg is om ’n direkteur van ’n raad van ’n maatskappy, [ingelyf ingevolge] soos in artikel 1 van die Maatskappwyet [, 1973 (Wet No. 61 van 1973),] omskryf, te wees;”.

40

**Wysiging van artikel 13 van Wet 13 van 1997**

45

**6.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Onderworpe aan [die bepalings van subartikel] subartikels (2A) en (5) is die gemagtigde aandelekapitaal van die Bank die bedrag van [vyfduisendmiljoen] twintig miljard en tweehonderdmiljoen rand wat

50

shall be divided into [five hundred thousand] two million and twenty thousand ordinary shares [having a par value of ten thousand rand each].”;

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) Certificates in respect of the shares referred to in subsection (1) shall be issued as determined in the regulations to the Government of the Republic of South Africa as consideration for paid-up share capital and new certificates shall replace any certificates previously issued.”

“(2A) The Minister may, after consultation with the board and by notice in the *Gazette*, adjust the amount of the authorised share capital of the Bank and the number of ordinary shares.”.

5

10

(c) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) The shareholders shall subscribe to any portion of the balance of the authorised share capital [when] if—

15

(a) requested to do so by the board as provided in the regulations; and

(b) approved at a meeting of shareholders.”; and

(d) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) The board may from time to time, with the approval of the shareholders previously given at a meeting of shareholders, increase the issued share capital of the Bank to such extent as it may deem expedient, by the creation and issue of ordinary or preference shares, or shares of such other class as it may determine, which shares may be issued upon such terms and conditions as the board may determine, including conditions as to the voting rights which may be exercised by the holders thereof, in the case of preference shares, or that the holders thereof shall not be entitled to vote.”.

20

25

### **Substitution of section 17 of Act 13 of 1997**

7. The following section is hereby substituted for section 17 of the principal Act:

#### **“Regulations**

**17. (1)** The Minister must make the regulations required by the Act.

30

(2) The Minister may, on his or her own initiative or at the request of the shareholders or the board, make the regulations [as to] permitted by the Act and regulations regarding—

(a) the election of directors;

(b) the conditions of appointment of directors and the circumstances in which a director shall vacate the office of director;

35

(c) meetings of the board and the procedure thereat, including the minutes to be kept of such meetings;

(d) the taking of decisions by shareholders and directors without holding a meeting;

40

(e) the meetings of shareholders, the matters to be dealt with and the procedures to be followed thereat, including the minutes to be kept thereof;

45

(f) the annual submission of a balance sheet and accounts to a meeting of shareholders;

(g) the appointment of officers of the Bank;

[**(h) the determination of the national territories which constitute the region**]

(hA) the use of callable capital of the Bank to calculate its leverage ratio; and

50

(i) [such other matters as are necessary or useful to be prescribed for the achievement of the objectives of] any ancillary or incidental administrative or procedural matter that is necessary to prescribe for the proper implementation or administration of this Act.”.

- verdeel word in [vyfhonderdduisend] twee miljoen en twintigduisend gewone aandele [met 'n pariwaarde van tienduisend rand elk].”;
- (b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikels te vervang:
- “(2) Sertifikate ten opsigte van die aandele in subartikel (1) bedoel word aan die Regering van die Republiek van Suid-Afrika uitgereik soos in die regulasies bepaal as teenprestasie vir opbetaalde aandelekapitaal en nuwe sertifikate vervang enige sertifikate wat voorheen uitgereik is.
- (2A) Die Minister kan, na oorleg met die raad en by kennisgewing in die Staatskoerant, die bedrag van die gemagtigde aandelekapitaal van die Bank en die getal gewone aandele, verhoog.”;
- (c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(3) Die aandeelhouers moet enige gedeelte van die balans van die gemagtigde aandelekapitaal inskryf [wanneer] indien—
- (a) hulle deur die raad, soos in die regulasies bepaal, daartoe versoek word; en
- (b) 'n vergadering van aandeelhouers dit goedgekeur het.”; en
- (d) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(5) Die raad kan van tyd tot tyd, met die goedkeuring van die aandeelhouers vooraf verleen op 'n vergadering van aandeelhouers, die uitgereikte aandelekapitaal van die Bank in die mate wat hy goedvind, verhoog deur die skepping en uitreiking van gewone of preferente aandele of aandele van sodanige ander klas wat hy bepaal, welke aandele uitgereik kan word op die bedinge en voorwaardes wat die raad bepaal, met inbegrip van voorwaardes met betrekking tot die stemregte wat uitgeoefen kan word deur die houers daarvan, in die geval van preferente aandele, of dat die houers daarvan nie geregtig sal wees om te stem nie.”.

### Vervanging van artikel 17 van Wet 13 van 1997

7. Artikel 17 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

#### “Regulasies

- 17.** (1) Die Minister moet die regulasies deur die Wet vereis, uitvaardig. 30
- (2) Die Minister kan, uit eie beweging of op versoek van die aandeelhouers of die raad, regulasies uitvaardig deur die Wet toegelaat en betreffende—
- (a) die verkiesing van direkteure;
- (b) die aanstellingsvooraardes van direkteure en die omstandighede waaronder 'n direkteur die amp van direkteur moet ontruim; 35
- (c) vergaderings van die raad en die prosedure daarby, met inbegrip van die notule wat van daardie vergaderings gehou moet word;
- (d) die neem van besluite deur aandeelhouers en direkteure sonder dat 'n vergadering gehou word;
- (e) die vergaderings van aandeelhouers, die aangeleenthede wat daarop behandel en die prosedure wat daarby gevvolg moet word, met inbegrip van die notule wat daarvan gehou moet word; 40
- (f) die jaarlikse voorlegging aan 'n vergadering van aandeelhouers van 'n balansstaat en rekeninge;
- (g) die aanstelling van beampies van die Bank;
- (h) die bepaling van die nasionale gebiede wat die streek uitmaak]
- (hA) die gebruik van opvraagbare kapitaal van die Bank om sy hefboom-verhouding te bereken; en
- (i) [die ander aangeleenthede wat nodig is of nuttig mag wees om voor te skryf vir die bereiking van die oogmerke van] enige bykomende of insidentele administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat voorgeskryf moet word vir die behoorlike uitvoering of administrasie van hierdie Wet.”.

**Substitution of section 21 of Act 13 of 1997**

8. The following section is hereby substituted for section 21 of the principal Act:

**“Application to Bank of Companies Act and other legislation**

21. The Minister may, by notice in the *Gazette*, apply to the Bank any provision of—

- (a) the Companies Act;
- (b) the Banks Act, 1990 (Act No. 94 of 1990); or
- (c) any other appropriate legislation,

in so far as such provision is not inconsistent with the provisions of this Act, with such modifications as the Minister may consider necessary and specify in that notice.”.

5

10

**Substitution of Preamble to Act 13 of 1997**

9. The following Preamble is hereby substituted for the Preamble to the principal Act:

**“PREAMBLE**

The Development Bank of Southern Africa was established in 1983 to 15 perform an economic development function within the constitutional dispensation [which] then obtained. The transformation of the constitutional and economic dispensation of South Africa by virtue of the Constitution of the Republic of South Africa, [1993 (Act No. 200 of 1993)] 1996, and otherwise, necessitated the transformation of the role 20 and function of the Development Bank of Southern Africa in order to promote economic development and growth [in] on the [Southern African region] African continent and its oceanic islands within an integrated financial development system which has as its aim the efficient deployment of scarce resources. On account of the aforesaid reasons it 25 has now become desirable to reconstitute the Development Bank of Southern Africa in order to promote, facilitate and by funding to mobilise the socio-economic development [in Southern Africa], while efficiency, fairness, transparency and responsibility are promoted at the same time.”.

20

25

30

**Short title**

10. This Act is called the Development Bank of Southern Africa Amendment Act, 2014.

**Vervanging van artikel 21 van Wet 13 van 1997**

**8.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**“Toepassing op Bank van Maatskappywet en ander wetgewing**

**21.** Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, enige bepaling van—

- (a) die Maatskappywet;
- (b) die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990); of
- (c) enige ander toepaslike wetgewing,

op die Bank toepas in soverre sodanige bepaling nie met die bepalings van hierdie Wet onbestaanbaar is nie, met sodanige veranderings wat die Minister goedvind en in daardie kennisgewing vermeld.”.

5

10

**Vervanging van Aanhef tot Wet 13 van 1997**

**9.** Die aanhef van die Hoofwet word hierby deur die volgende aanhef vervang:

**“AANHEF**

15

Die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika is in 1983 ingestel ten einde ’n ekonomiese ontwikkelingsfunksie binne die staatkundige opset wat toe bestaan het, te verrig. Die transformasie van die staatkundige en ekonomiese bestel van Suid-Afrika uit hoofde van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, [1993 (Wet No. 200 van 1993)] 20

andersins, het die omvorming van die rol en funksie van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika nodig gemaak ten einde ekonomiese ontwikkeling en groei [**in die Suider-Afrikaanse streek**] op die Afrika-kontinent en sy oseaaneilande binne ’n geïntegreerde finansiële ontwikkelingstelsel wat die doeltreffende ontplooiing van skaars hulpbronne ten doel het, nodig gemaak. Weens bogenoemde oorwegings het dit nou wenslik geword dat die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika hersaamgestel word ten einde die sosio-ekonomiese ontwikkeling [**in Suider-Afrika**] te bevorder, te faciliteer en deur befondsing te mobiliseer terwyl doeltreffendheid, billikheid, 25 deursigtigheid en verantwoordelikheid terselfdertyd bevorder word.”.

25

30

**Kort titel**

**10.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, 2014.





